KOMPAS

N.G. Kerk Kraggakamma

- Wat almal van ons nou in ons lewenslêer moet reg hê.
- 'n Handleiding vir wanneer 'n geliefde sterf.

Die grootste deel van hierdie dokument is opgestel deur die N.G. Kerk Elarduspark.
Baie dankie vir hul goedkeuring dat ons die inligting mag gebruik. Hulle het kopiereg op die boekie.
Geen reproduksie mag van hierdie uitgawe of gedeeltes hiervan gemaak word nie.

Dankie aan Marietjie le Roux vir haar groot bydrae tot die dokument.

I N H O U D

Bladsy 1

1. **Lewenslêer – praktiese handleiding om sake vir agterblewendes makliker te maak** **1**

2. **Aan alle nie-broodwinners** **2**

3. **Praktiese wenke direk na afsterwe van 'n geliefde** **3**
   'n Aantal 'moets' en 'moenies' word uitgewys. Naasbestaandes is normaalweg emosioneel afgemat en dink dikwels nie helder oor wat hulle te doen staan nie. Riglyne word verskaf.

4. **Reël van die begrafnis/troosdiens** **4**
   Vereistes en opsies ten opsigte van die begrafnis word bespreek.

5. **Standaard prosedures ten opsigte van sterftes** **6**
   Hierdie afdeling handel oor sterfte as gevolg van natuurlike en onnatuurlike oorsake, asook wat gebeur in die geval van 'n miskraam.
   Voorts word die wetlike vereistes waaraan voldoen moet word voordat 'n sterftesertifikaat uitgereik kan word en die begrafnis/troosdiens kan plaasvind, aangespreek.

6. **Finansies** **8**
   Wenke betreffende die bestuur van geldsake tot tyd en wyl die oorledene se boedel finaal afgehandel is, word verskaf.

7. **Boedelaangeleenthede** **9**
   Die sleutelelemente van die boedelberedderingsproses word kortliks aangedui.

8. **Verdere praktiese stappe** **11**
   'n Aantal praktiese stappe wat belangrik is om voort te gaan na die afhandeling van formaliteite.

9. **Kontakpersone en nuttige telefoonnommers** **12**
   Kontaknommers van persone en instansies vermeld in hierdie dokument, word verskaf.

10. **Stages of the Grief Cycle (Elisabeth Kübler-Ross en David Kessler)** **13**

11. **Die treur- of rouproses - hoe werk dit?** **13**

1. LEWENSLÊER - HANDLEIDING BY AFSTERWE

Maak vandag, terwyl jul nog kan, 'n LEWENSLÊER (dui by afskrifte aan waar oorspronklike dokumente geliaseer is indien hierdie dokument nie in die lêer is nie)

Afskrifte van

- ID-dokument/e
- Geboortesertifikaat en geboorteplek
- Huweliksertifikaat
- Huweliksvoorwaardes-kontrak (buite gemeenskap van goedere getroud)
- Bestuurderslisensie
- Bewys van woonadres/Proof of address (munisipale rekening)
- Wapenlisensie
- Paspoort
- Begrafnispolis/se
- Lewensversekeringpolis/se
- Korttermynversekeringpolis/se
- Aandelesertifikate
- Testament (nuwe Testament moet so gou doenlik opgestel word na afsterwe van een van die egpaar)
- Lys van bates met volledige besonderhede
- Lys van skulde met volledige besonderhede
- Lewenstestament/Living Will
- Motorvoertuig/e registrasie dokument
- Titelaktes ten opsigte van onroerende eiendom
- Begrafnisondernemer besonderhede & wense rondom dood en begrafnis
- Mees onlangse salarisstaat (eers tydens afsterwe)
- Mees onlangse bankrekeningstate (eers tydens afsterwe)
- **ALLE nommers van**:
  Bankrekening/e – Mediese fonds – Pensioenfonds - Inkomstebelastingnommer –
  TV lisensie – Selfoonkontrak – Munisipalerek – Beleggings – Sekuriteitskontrak (Atlas, ADT ens)
- Telefoonnommers van: Familie en vriende / predikant / begrafnisondernemer / Ambulans / Polisie

Indien van toepassing ook afskrifte van:

- Egskeidingsbevel van oorledene en erfgename
- Huurkontrakte
- Lewensversekeringspolisse
- Kort-termyn versekeringspolisse
- Aandeelsertifikate
- Finansiële state t.o.v. vennootskap, maatskappy of BK.

BOGENOEMDE is alles wat in jou lewenslêer **MOET** wees

(Indien hierdie afskrifte is, teken aan WAAR oorspronklike dokumente geliaseer is en dit is ook raadsaam om meer as een afskrif te maak – **POOG, SOVER MOONTLIK, OM GEEN OORSPRONKLIKE DOKUMENT UIT TE GEE NIE. MOET GEEN DOKUMENT UITGEE SONDER DAT JY 'N AFSKRIF BY JOU**

HET NIE – maak lys van alle oorspronklike dokumente wat jy aan jou eksekuteur oorhandig en laat hy/sy daarvoor teken)

Maak seker dat jou familie of naby-vriende weet waar die lêer gebêre word, (asook bank pin nommers & wagwoorde) veral wanneer jy alleen woon, sodat hulle dit maklik in die hande kan kry na jou afsterwe.

2. AAN ALLE NIE-BROODWINNERS

(Of in die geval waar die oorledene alle huishoudelike administrasie hanteer het):

Dit is veral belangrik dat die oorlewende ingelig moet wees wat die addisionele administrasielas aanbetref, soos bv Pensioen & Mediese Fonds vorms (wat reeds vooraf verkry kan word en deels ingevul kan word om stres met afsterwe te verminder), korttermynversekering ens.

So ook in die geval van 'n sekuriteitsstelsel, bv by Atlas, ADT ens., aangesien'n heel nuwe kontrak opgestel moet word.

3. PRAKTIESE WENKE DIREK NA AFSTERWE VAN 'N GELIEFDE

3.1 Skakel jou naaste familie.

3.2 Skakel die begrafnisondernemers van jou keuse. **Kontakbesonderhede word op bl. 12 verskaf.**

3.3 Skakel jou predikant.

3.4 Skakel jou beste vriende – verkieslik iemand wat so gou as moontlik by jou kan wees.

3.5 Stel naaste familielede so gou moontlik in kennis. Indien die gesin self nie daartoe in staat voel nie, vra 'n familielid of goeie vriend om hierdie taak namens jou te behartig.
Let wel: Dit is belangrik vir die persoon om, waar moontlik, dit self te doen aangesien dit help om jouself dit te hoor sê en die realiteit te aanvaar.

3.6 Indien jy die wydste moontlike kring wil bereik, kan jy oorweeg om sosiale media te gebruik en/of om kennisgewings in die pers te plaas, byvoorbeeld Die Burger se klein advertensies. **Kontakbesonderhede word op bl. 12** verskaf.

3.7 Indien die oorledene in diens van 'n organisasie was, verwittig die werkgewer so gou moontlik. Dit is veral belangrik omdat daar moontlik pensioen- en/of groeplewens-versekeringsvoordele ter sprake kan wees. Indien die oorledene verbonde was aan die polisie-, weermag of gevangenisdiens mag dit ook 'n seremoniële begrafnis impliseer.

3.8 Begin 'n lys van mense wat skakel om te simpatiseer, met die oog op latere bedankings.

3.9 **Moet geen oorhaastige besluite oor begrafnisreëlings of finansies neem nie.**

3.10 Kontantvloei probleme mag dalk ondervind word onmiddelik na die afsterwe van 'n eggenoot. Dit is dus belangrik dat beide partye hulle eie bankrekeninge het en pro-aktief voorsiening gemaak word vir die moontlikheid.

3.11 Maak so gou moontlik gesertifiseerde kopieë (3 – 4 van elk) van die volgende dokumente:

- 3.11.1 Die oorledene se identiteitsdokument
- 3.11.2 Die sterftesertifikaat
- 3.11.3 Huweliksertifikaat (waar van toepassing)
- 3.11.4 Dokumentasie t.o.v. egskeiding (waar van toepassing)
  Leraars, polisiekantore, poskantore en sommige Postnet agentskappe kan dokumente sertifiseer. Moenie oorspronklike dokumente vir iemand gee nie.

3.12 Vir die praktiese reëlings van en advies met betrekking tot die begrafnisreëlings, skakel die kerkkantoor. **Kontakbesonderhede word op bl. 12** verskaf.

4. REËL VAN DIE BEGRAFNIS

Die waarde van die begrafnis/troosdiens moet nie onderskat word nie, aangesien dit een van die maniere is wat baie help om die werklikheid van wat gebeur het, te bevestig. Geliefdes moet sover moontlik deelneem aan die beplanning van die begrafnis/troosdiens. Indien so verkies moet die kis met die liggaam teenwoordig wees omdat die sien van die kis, die dra van die kis, die vertrek van die lykswa, ens. help om die werklikheid van die dood te laat deurdring. Verkieslik word die kis nie in die liturgiese ruimte (voor die preekstoel) geplaas nie, maar indien dit die familie se keuse is, kan dit tog gebeur.
In die geval van verassing, kan die kissie ook, as 'n volgende tree in die afskeidproses in die muur van herinnering geplaas word.
Die begrafnis/ troosdiens is ook een van die eerste geleenthede waar die oorledene se lewe gevier kan word.

4.1 Kontak die kerkkantoor wat vir jou waardevolle leiding en advies kan gee rondom die reël van die begrafnis.

4.2 Die begrafnisondernemer sal die registrasie van die sterfte by Binnelandse Sake onderneem. Maak seker dat jy die oorspronklike sterftesertifikaat by die ondernemer terugkry.

4.3 Besluit of dit 'n gewone begrafnis of 'n verassing sal wees.

4.4 Die volgende dokumente en inligting is nodig vir die begrafnisreëlings:

- 4.4.1 Die sterftesertifikaat.
- 4.4.2 Die oorledene se identiteitsdokument.
- 4.4.3 Alle bestaande begrafnispolisse.
- 4.4.4 Huweliksertifikaat (waar toepaslik).
- 4.4.5 Gade se identiteitsdokument (waar toepaslik).
- 4.4.6 Name van die kisdraers as jy dit so verkies – ten minste ses by die kerk en/of ses by die graf. Dit kan dieselfde persone wees.
- 4.4.7 Naam en kontaknommer van die predikant van jou keuse wat diens gaan lei. Bevestig met hom/haar of hy/sy beskikbaar is op die betrokke dag en tyd.
- 4.4.8 Naam en adres van die kerkgebou waar jy beoog om die diens te laat plaasvind.
- 4.4.9 Klere vir die oorledene indien jy dit so verkies. Anders verskaf die begrafnisondernemer 'n lykskleed.
- 4.4.10 Oorweeg tekste, liedere, ens. Bespreek dit met die predikant wat die diens gaan lei alvorens dit aan die ondernemer gegee word.
- 4.4.11 Oorweeg hoeveel programme nodig gaan wees, byvoorbeeld een per persoon wat die diens bywoon of een per paar. Jy kan ook 'n paar ekstra maak om na afloop van die begrafnis te pos aan belangstellendes wat nie die begrafnis kon bywoon nie. Proeflees die program voordat dit finaal gedruk word.
- 4.4.12 Besluit watter kleur blomme die kisruiker moet wees, indien jy dit so verkies.

4.4.13 Besluit op ‘n begraafplaas – die begrafnisondernemer sal jou ook hierin behulpsaam kan wees. Neem in ag dat dit meer koste meebring indien jy op ‘n begraafplaas besluit wat buite die Metropolitaanse Raadsgebied val.

4.5 Belangrike oorwegings:

4.5.1 Indien jy nie in staat is om na die ondernemers te gaan nie, sal ‘n verteenwoordiger jou tuis besoek. Jy kan die kis en/of programbladjie uit ‘n brosjure kies. Jy kan ook die program self ontwerp en saamstel – dit is goedkoper.

4.5.2 Indien jy lid van ‘n begrafniskontrak is (byvoorbeeld lid van ‘n vakbond of vereniging) moet jy eers vasstel met watter ondernemer jy moet skakel. So ‘n kontrak bied veel beter waarde as ‘n begrafnispolis en jou polis(se) kan dan in kontant uitbetaal word. Let wel: Indien jy van ‘n nie-gekontrakteerde ondernemer gebruik maak, kan dit beduidend meer kos as wat nodig is.

4.5.3 Gebruik die naaste tak van die begrafnisondernemer ongeag waar die sterfte plaasgevind het, of waar die begrafnis plaasvind. Vervoer kan gereël word, maar hou egter in gedagte dat aansienlike koste betrokke is by die vervoer van die liggaam oor lang afstande.

4.5.4 Jy is nie verplig om die volgende items by die begrafnisondernemer te neem nie – jy kan jou eie voorsien: kisruiker, ruikers, blomme, kranse, programme, bladjies, ens.

4.6 **Aspekte wat met die predikant bespreek moet word met die oog op die begrafnisdiens:**

4.6.1 Die program vir die diens.

4.6.2 Die keuse van Skriflesing/sang/musiek.

4.6.3 Wie namens die familie sal praat, hetsy tydens of na die diens.

4.6.4 Verversings. Indien jy dit so verkies, reël die gemeente toebroodjies en tee/koffie na afloop van die diens. Enige ander spyseniering moet deur jouself voorsien word.

4.6.5 Data en “Livestream” van begrafnisse
Indien daar van data gebruik gemaak word, moet ‘n geheue stokkie met die finale powerpoint aanbieding 24 uur voor die aanvang van die begrafnis by die kerkkantoor ingehandig word. Geen veranderinge sal daarna aangebring kan word nie.

4.6.6 Die fooie betaalbaar aan die predikant, orrelis, personeel ens. Let wel: Ons verkies dat die ondernemers hierdie bedrag van jou verhaal en aan die verantwoordelike persone betaal. Maak asb seker wat die ondernemer se reëlings is.

Kostes:

Predikant	- R 600.00
Koster	- R 450.00
Gebruik van data	- R 200.00 (Powerpoint en videos)
Regstreekse Uitsending	- R 250.00
Orrelis	- R 350.00

Nissie

Indien 'n nissie aangekoop word is die kostes soos volg:
Vir gemeentelede – R 1 900.00
Vir nie-gemeentelede – R 2 700.00
Die gravering word deur die familie met die betrokke begrafnisondernemer gereël.

4.7 Indien jy besluit op 'n verassing, hou in gedagte dat daar vier tipes is, naamlik:

4.7.1 **Direkte verassing:** Die diens vind in die kapel van die krematorium plaas, en die verassing direk daarna. Die reëlings neem 'n minimum van vier (4) dae weens die tyd wat benodig word om al die dokumentasie te kry.

4.7.2 **Stil verassing:** Die diens vind in die kapel van die krematorium plaas, met die kis teenwoordig. Na afloop van die diens word die kis bewaar totdat die dokumente gereed is, waarna 'n formele verassing plaasvind. Die diens kan binne twee (2) dae na afsterwe plaasvind.

4.7.3 **Troosdiens:** Dit is die heel goedkoopste verassingsdiens. Jy kan 'n baie goedkoop kis kies, aangesien die kis nie na die kerk gaan nie. Jy hou 'n troosdiens by die kerkgebou en die ondernemer is nie teenwoordig nie. Die ondernemer reël vir verassing.

4.7.4 **Privaat verassing:** Die diens vind in die kerk plaas, met die kis teenwoordig. Na afloop van die diens vind die verassing plaas sonder dat die naasbestaandes teenwoordig is. Hierdie proses is gewoonlik vinniger as enige van bogenoemde alternatiewe.

5. STANDAARD PROSEDURES ten opsigte van STERFTES

Daar moet onderskei word tussen sterfte as gevolg van natuurlike en onnatuurlike oorsake, aangesien daar verskille is in die prosedure wat gevolg moet word.

5.1 Natuurlike Oorsake

Dit is as die dood intree as gevolg van siekte byvoorbeeld hartaanval, beroerte, kanker, ens.

5.1.1 Indien die sterfte in die hospitaal plaasvind, sal die dokter aan diens ‘n doodsertifikaat (BI 1663) uitreik. Die familie verwyder alle persoonlike besittings van die oorledene. Skakel die begrafnisondernemer van jou keuse. Die hospitaal personeel kan jou ook hierin bystaan. Die begrafnisondernemer sal die doodsertifikaat by die hospitaal vra en saamneem.
Let wel: Indien die oorledene gehospitaliseer is as gevolg van ‘n ongeluk en daar te sterwe kom, of as die dood intree terwyl die pasiënt onder operasie in die teater is, word dit as ‘n sterfte weens onnatuurlike oorsake beskou en sodanig hanteer.

5.1.2 Indien die sterfte tuis of in ‘n aftree-/versorgingsoord plaasvind gedurende werksure, kontak die dokter wat die oorledene in die mees onlangse verlede behandel het. Die dokter sal ‘n doodsertifikaat (BI 1663) uitreik. In die geval van ‘n aftree-/versorgingsoord sal die personeel met die betrokke dokter skakel. Kontak die begrafnisondernemer van jou keuse. Die begrafnisondernemer sal die sterftesertifikaat by die mediese praktyk afhaal. Indien die sterfte na-ure/gedurende die nag plaasvind, sal die begrafnisondernemer van jou keuse die liggaam verwyder en die volgende dag met die dokter skakel aangesien dit nie meer praktyk is vir ‘n dokter om na-ure huisbesoek te doen as iemand gesterf het nie.

5.1.3 Indien die sterfte nie by die persoon se huis nie, of in die buiteland plaasgevind het, kontak die begrafnisondernemer van jou keuse en vra hulle om jou by te staan met die nodige reëlings. Sommige versekering en begrafnispolisse maak voorsiening vir die vervoer van die liggaam van die plek van afsterwe na waar die begrafnis plaasvind.

5.2. Onnatuurlike Oorsake

Dit is as die dood intree as gevolg van byvoorbeeld ‘n ongeluk, moord, selfdood, verdrinking, tydens ‘n epileptiese aanval, ensovoorts.

5.2.1 Indien die sterfte in die hospitaal of versorgingsoord plaasvind, skakel die begrafnisondernemer van jou keuse. Hospitaalpersoneel sal die SA polisiediens kontak. Die Forensiese Patologiese Dienste sal die liggaam kom haal. Dit is belangrik om nie enige mediese toerusting (byvoorbeeld naalde, kateters, drups, ensovoorts) te verwyder nie. Moenie met enige forensiese bewyse peuter nie. Die oorledene word na die staatslykhuis geneem waar die oorsaak van die dood vasgestel word, waarna ‘n doodsertifikaat (BI 1663) uitgereik sal word. Dit is ‘n wetlike vereiste dat die oorledene uitgeken moet word.

Vra 'n familielid of goeie vriend om jou hierin by te staan. Die persoon wat die uitkenning gaan doen moet sy ID-dokument asook die ID-dokument van die oorledene saamneem. Die personeel van die Forensiese Patologiese Dienste sal die persoon wat die uitkenning doen vra om die betrokke begrafnisondernemer skriftelik te magtig om die liggaam en die sterftesertifikaat te gaan haal. Onthou om alle persoonlike besittings van die oorledene te verwyder. Indien jy behoefte het om van die oorledene afskeid te neem, sal dit meer geskik wees om dit by die ondernemer te doen as by die staatslykhuis.

5.2.2 Indien die sterfte tuis plaasvind kontak die SA Polisiediens – die Blitspatrollie of jou naaste polisiestasie. **Kontakbesonderhede word op bl. 12** verskaf. Die polisie sal 'n beampte stuur om die nodige verklarings af te neem. Die offisier sal met die speurder aan diens skakel. Die speurder sal onder andere met die Forensiese Patologiese Dienste skakel wat die afgestorwene sal kom haal. Dit is belangrik om nie met enige forensiese bewyse te peuter nie. Die oorledene word na die staatslykhuis geneem waar die oorsaak van die dood vasgestel word waarna 'n doodsertifikaat (BI 1663) uitgereik sal word. Dit is 'n wetlike vereiste dat die oorledene uitgeken moet word. Vra 'n familielid of goeie vriend om jou hierin by te staan. Die persoon wat die uitkenning gaan doen moet sy ID-dokument asook die ID-dokument van die oorledene saamneem. Die personeel van die Forensiese Patologiese Dienste sal die persoon wat die uitkenning doen vra om die betrokke begrafnisondernemer skriftelik te magtig om die liggaam en die sterftesertifikaat te gaan haal. Onthou om alle persoonlike besittings van die oorledene te verwyder. Indien jy behoefte het om van die oorledene afskeid te neem, sal dit meer geskik wees om dit by die ondernemer te doen as by die staatslykhuis.

5.3 Wanneer 'n miskraam plaasvind

5.3.1 Wanneer 'n miskraam binne die eerste 26 weke van swangerskap plaasvind, word die liggaam deur die hospitaal verwyder. Dit is egter jou goeie reg om te vra vir die liggaam indien jy dit self sou wou laat begrawe of veras. Waar 'n baba na 26 weke te sterwe kom, is die familie verplig om die liggaam van die baba te laat begrawe of te laat veras. In laasgenoemde geval word die dood van die baba deur die begrafnisondernemer by die Department van Binnelandse Sake geregistreer.

6. FINANSIES

6.1 **Moet geen oorhaastige besluite oor finansies neem nie.**

6.2 Kontak so gou moontlik die eksekuteur van die oorledene se boedel.

6.3 Verwittig die oorledene se bank(e) en ander finansiële instellings. Die oorledene se bankrekeninge sal gevries word en 'n naasbestaande moet so gou moontlik 'n alternatiewe rekening open indien daar nie reeds een in gebruik is nie.

6.4 Indien die oorledene nog aktief in diens van 'n werkgewer was, is dit belangrik om navraag te doen oor die finale salaris, moontlike opgehoopte verlof betaling en enige ander vorm van werknemervoordele wat betaalbaar mag wees.

6.5 Wanneer die eksekuteur beheer oor die boedel neem, kan daar (binne redelike perke) met die eksekuteur se instemming geld uit die boedel onttrek word om dringende uitgawes te dek. Enige sodanige uitgawes moet volledig en akkuraat aangeteken word met die oog op die finale bereddering van die boedel.

6.6 Die eksekuteur se taak sal aansienlik vergemaklik word indien alle relevante dokumentasie soos polisse, beleggings, bankrekeninge, ander bates en laste bymekaar gekry word.

6.7 Die afhandeling van die boedel kan tussen ses (6) maande en twee (2) jaar duur. Wees dus bedag op die nodigheid om spaarsamig met geld te werk, veral as die oorledene die primêre broodwinner was.

6.8 Sommige begrafnisondernemers verlang vooraf betaling. As dit 'n probleem is, kan gereël word dat die rekeninge na die eksekuteur gestuur word. As die rekeninge in so 'n geval regstreeks na die naasbestaandes gestuur word, moet dit na die eksekuteur verwys word.

6.9 Dit is belangrik om daarop te let dat **begrafnispolisse nie as deel van die boedel** geag word nie en derhalwe ook nie gevries word nie. Sekere polisse en boedelgelde mag volgens wet direk aan begunstigdes uitbetaal word. Raadpleeg 'n kundige geregistreerde finansiële adviseur in hierdie verband.

6.10 **Waak teen emosionele en/of oorhaastige besluite t.o.v. die verkoop van eiendom.**

6.11 **Waak teen emosionele en/of oorhaastige besluite t.o.v. beleggings uit die boedel.** Win verskeie **geskrewe voorleggings** van eerbare **geregistreerde finansiële adviseurs in.** Let veral op na die kommissie wat die betrokke adviseur sal kry uit sy/haar voorstelle.

7. <u>BOEDELAANGELEENTHEDE</u>

7.1 **Testament.** Die volgende aspekte is van belang t.o.v. die oorledene se testament:

7.1.1 Het die persoon 'n geldige testament nagelaat?

7.1.2 Indien geen testament tuis tussen die oorledene se dokumente gevind kan word nie, rig navrae aan die persoon se bank, prokureur en finansiële adviseur. Jy kan selfs by die oorledene se versekeringsmaatskappy(e) navraag doen.

7.1.3 Indien daar geen geldige testament is nie, vererf die boedel intestaat volgens die bepalings van Wet 81 van 1987. Waar hierdie bedeling van toepassing is, is dit belangrik om so gou moontlik 'n prokureur te raadpleeg oor die implikasies.

7.1.4 Die oorspronklike testament moet deur die eksekuteur by die Meester van die Hooggeregshof ingedien word.

7.1.5 Die testament bepaal gewoonlik wie moet optree as die eksekuteur van die oorledene se boedel, bv. die langslewende eggenoot, 'n kind, 'n familielid, vriend, prokureur, die bank, ens.

7.1.6 Die boedel sal volgens die bepalings van die testament geadministreer word.

7.2 **Die rol en funksies van die eksekuteur.** Die eksekuteur van die boedel vervul die volgende funksies:

7.2.1 Die eksekuteur verteenwoordig die oorledene.

7.2.2 Hy/sy behartig die afhandeling van die boedel en word deur die Meester van die Hooggeregshof daartoe gemagtig deur ‘n eksekuteursbrief aan hom/haar uit te reik.

7.2.3 Indien die oorledene deur sy/haar bank ‘n testament laat opstel het, sal die bank gewoonlik die eksekuteur wees en die afhandeling van die boedel behartig.

7.2.4 Indien die eksekuteur die langslewende eggenoot, ‘n kind, ‘n familielid of vriend is, moet die eksekuteur sy/haar prokureur kontak. Laasgenoemde moet as agent namens die eksekuteur optree in samewerking met die Meester van die Hooggeregshof se riglyne en die vereistes gestel volgens wetgewing.

7.2.5 Die prokureur sal namens die eksekuteur die boedel by die Meester aanmeld en daarna in samewerking met die eksekuteur die boedel afhandel.

7.3 **Dokumentasie wat deur die eksekuteur benodig word**

7.3.1 Die oorspronklike testament.

7.3.2 Titelaktes, behalwe as daar ‘n huisverband is, in welke geval die verbandhouer (bv. ‘n bank of bouvereniging)

7.3.3 Aandeelsertifikate.

7.3.4 Lewensversekering poliskontrakte.

7.3.5 Kredietkaarte, effektetrustsertifikate en ander beleggingsdokumente.

7.3.6 Sake-ooreenkomste.

7.3.7 Voertuigregistrasiesertifikate, onbetaalde rekeninge, huurkontrakte, huurkoop-ooreenkomste en enige ander kontrakte en ooreenkomste.

7.3.8 Mees onlangse belastingaanslag.

7.3.9 Besonderhede van borgverpligtinge.

7.3.10 Alle uitstaande rekeninge.

7.3.11 **Let wel: sekere polisse en boedelgelde mag volgens wet direk aan begunstigdes uitbetaal word. Raadpleeg ‘n kundige finansiële adviseur hieroor.**

7.4 **Verdere inligting wat deur die eksekuteur benodig word:**

7.4.1 Naam en adres van die oorledene se werkgewer.

7.4.2 Persoonlike besonderhede, bv. geboorteplek, volle name van **kinders** asook hulle identiteitsnommers, volle name van ouers, volle name van gade en besonderhede van vorige huwelike, indien van toepassing.

7.4.3 Pensioen- en groeplewensversekering besonderhede.

7.4.4 Identiteitsdokument en doodsertifikaat van die oorledene.

7.4.5 Huweliksvoorwaardekontrak waar toepaslik.

7.4.6 Egskeidingsbevele en –ooreenkomste waar toepaslik.

7.4.7 Waardasiesertifikaat van vaste eiendom te kry by die stadsraad.

7.4.8 Waardasie van meubels deur 'n meubelhandelaar op sy briefhoof of twee onpartydige partye.

7.4.9 Waardasie van voertuie deur 'n motorhandelaar op sy briefhoof.

7.4.10 Waardasie van vuurwapens deur vuurwapen-handelaar op sy briefhoof.

7.5 **Belangrik:** Tydens die soek na bogenoemde dokumente, hetsy tuis of by die oorledene se werksplek, **moet geen dokumente vernietig word nie al lyk dit hoe nutteloos.** Oorhandig dit eerder aan die eksekuteur, wat finaal sal besluit oor die waarde daarvan.

7.6 **Meester van die Hooggeregshof.** Die Meester se rol in boedelbereddering kan soos volg opgesom word:

7.6.1 Alle sterftes word aan die Meester gerapporteer.

7.6.2 Die Meesterskantore in Port Elizabeth – **kontakbesonderhede verskyn op bl. 12.** Enige navrae met betrekking tot 'n boedel kan aan die Meester gerig word.

7.6.3 Die Meester sorg dat alle vereistes wat volgens wetgewing gestel word vir die afhandeling van 'n boedel, nagekom word.

8. VERDERE PRAKTIESE STAPPE

Die lewe gaan voort en dit is nie 'n gebrek aan respek om noodsaaklike pligte af te handel nie. Inteendeel, baie treurendes vind dit help om hulle met roetine-pligte besig te hou. Die volgende sake behoort so gou as moontlik afgehandel te word:

8.1 Stuur bedankingsbriewe aan almal wat hulp verleen het en meegevoel betuig het.

8.2 Die keuse van 'n grafsteen en grafskrif, in geval van 'n begrafnis en 'n besluit oor wat met die as gedoen word, in die geval van 'n verassing. Jou begrafnisondernemer kan jou help met nodige reëlings. Koop slegs by/deur erkende begrafnisondernemers om swendelaars te vermy. Hou in gedagte dat daar 'n gedenkmuur op die kerkterrein is waarin jy die as kan plaas. Raadpleeg die kerkkantoor hieroor.

8.3 Herlisensieer vuurwapens (indien enige in die oorledene se naam geregistreer is) by die naaste polisiekantoor.

8.4 Dra die telefoon en ander dienste oor op die oorlewende gade se naam, indien die oorledene die rekeninghouer was. Afskrifte van die volgende dokumente sal aangevra word:

Sterftesertifikaat/ID-dokument/huwelikssertifikaat – asook ID-dokument van oorlewende. Dit is raadsaam om te alle tye genoemde dokumente by jou te hou wanneer veranderings gedoen moet word aan rekeninge, ens.

8.5 Indien die oorlewende gade nog nie as belastingbetaler geregistreer is nie, moet registrasie by die Ontvanger van Inkomste gedoen word.

8.6 Hersien jou testament.

8.7 Erfgeld moet met omsigtigheid belê word vir die toekoms. Waak daarteen om oorhaastige besluite te neem. Indien moontlik, wag ten minste drie maande voordat ingrypende besluite geneem word.

9. KONTAKPERSONE EN NUTTIGE TELEFOONNOMMERS:

Ds M.G. van Rooyen, Asterlaan 16, Sunridgepark, PE : Tel. no 083 413 7100
Ds Toit Wessels, Gazanialaan 15, Sunridgepark, PE : Tel. no 084 240 2916
Niekie Oosthuizen – 041 3601484 (kerkkantoor)
Ryno Muller – 082 447 5376 (koster)
Kontak gerus die kerkkantoor of leraars indien daar onsekerhede is, of as ons jou met enige reëlings kan bystaan.

PASTORALE ONDERSTEUNING:
Ellenette Meiring: Tel no 073 664 8949

BEGRAFNISONDERNEMERS:
ALGOA: Tel: 041 363 4874 / 082 540 4627
AVBOB: Tel: 041 363 0041
Doves, Jones & Rice: Tel: 041 365 5399
First Avenue Funeral Home: Tel: 041 581 5028
Kramer: Tel: 041 365 2209

POLISIE:
Blitspatrollie: Tel: 10 111
Mountweg: 041 394 6000 (of vind uit wat die telefoonnommer vir jou area is)

AMBULANSDIENSTE:
Noodnommer: 10 177

PERS:
Die Burger: tel.no 041 503 6111/Faks no 041 503 6043
The Herald: 041 504 7175/Fax no. 041 586 3402; Evening Post: 041 504 7432

MEESTER VAN DIE HOOGGEREGSHOF:
Tel: 041 403 5100/Faks 041 487 1148
Adres: Govan Mbekilaan 523, (h/v Crawford & Govan Mbeki-lane), Noordeinde, PE 6001



11. DIE TREURPROSES – HOE WERK DIT?

Mense verskil van mekaar. 'n "Een grootte pas almal-benadering" gaan nie werk nie. Ons verwerk die dood van 'n geliefde elkeen op ons eie unieke manier. Maar daar is tog 'n paar fases, soos hierbo aangetoon, wat help rigting aandui vir die pad wat voorlê.

Ná die dood van jou geliefde sal jy baie treur. Dit is nodig. Dit neem baie tyd om te genees. Moenie haastig wees om klaar te treur nie. Hartseer vra geduld en tyd. Dit is 'n langsame ontwikkelings-proses wat sy eie gang moet gaan. Wonde word nie oornag gesond nie.

Daar is verskillende fases waardeur jy as bedroefde gaan om jou rousmart te verwerk. Onthou net weer dat almal nie noodwendig deur al dié fases gaan nie. En soms vorder jy vorentoe net om weer deur iets teruggeruk te word. Dit is nie 'n mooi uitgewerkte plan waar die een fase op die ander volg nie.

FASE 1
Die eerste fase is ontkenning, skok, verwardheid en leegheid. Jy kan net nie glo dat dit regtig met jou gebeur het nie, dat dit regtig waar is nie. Jy besef nog nie die volle betekenis van die werklikheid nie. Jy het byna 'n gebrek aan gevoel. Dit voel vir jou alles is maar net 'n nagmerrie en dat jy enige oomblik gaan wakker word. Die volle diepte van die dood het nog nie tot jou deurgedring nie.

Sommige treurendes hoop selfs dat die oorledene weer sal terugkom. Daarom beveel dokters en psigiaters dikwels aan dat daar na die oorledene se liggaam gaan kyk moet word sodat die werklikheid van die dood tot jou kan deurdring. Dit is jou besluit of jy dit wil doen of nie. Sommige bedroefdes ervaar wel groter berusting wanneer hulle die liggaam van die oorledene gesien het. Vir ander, wat dalk meer sensitief is, kan dit egter baie traumaties wees.

Wat egter noodsaaklik is, is om te besef: My geliefde is dood. Dit is onomkeerbaar en finaal. Jy moet dit aanvaar al is dit hoe traumaties. Jy moet besef dat jou geliefde nooit weer in hierdie aardse bedeling na jou toe sal terugkeer nie. Hier kom die troos van die evangelie - die goeie tyding - tot sy reg: Jesus Christus het gekom sodat ons in Hom kan glo en vir ewig kan lewe. (Joh 3:36; Joh 14:1-6; 1 Joh 5:13)
Die dood is finaal, maar die genade van die Here stel dié wat rou in staat om al die stukke van hul lewe weer bymekaar te maak. Vir die Christen speel gebed in hierdie treurproses 'n baie belangrike rol.

FASE 2
Tweedens is daar emosionele verwarring. Jy is verdwaas, deurmekaar, seer en rou. Alles stort eenvoudig op jou neer.
'n Mengsel van emosies ontstaan - woede, skuldgevoelens, bitterheid, angs, wraak en verwyte teen mens en God en soms selfs teen die oorledene. Hierdie gevoelens wissel mekaar af in diepte en duur.

Jy word afgetakel deur droefheid wat soms aan histerie grens. Jy raak negatief en teneergedruk. Die opstand, woede, pyn en ontevredenheid kan baie erg word, ook die angs, spanning en onsekerheid oor die toekoms. Jy wens dalk om self te sterf en saam met die oorledene te wees.

In hierdie fase het jy dus die emosionele steun van ander baie nodig. Die simpatieke oor en gerusstellende woorde van opregte en welmenende mense is onontbeerlik. Die Here gebruik in hierdie tyd simpatieke predikante, sielkundiges, geneeshere, familielede en vriende op 'n besonderse manier. Daarom speel jou verhouding met Hom in hierdie fase ook 'n baie belangrike rol. In Hom is daar vrede, kalmte en berusting.

FASE 3
Selfverwyt is 'n gevoel wat jy in hierdie fase sal ervaar. Jy voel dat jy baie meer vir die oorledene moes gedoen het. Jy voel dat jy ver te kort geskiet het. As jy maar dit of dat gedoen het... As jy maar net daardie dag kon oorhê ... As dit of dat net nie gebeur het nie ... as ... as ... as ...

Neem jou toevlug tot Christus wanneer jy só voel. Hy het alles vir jou gedoen en gegee. Gee daarom jouself volkome oor aan Hom en sit jou selfverwyt aan sy voete neer. Die heelwordingsproses ná die dood van 'n geliefde kan gepaardgaan met geestelike verdieping en nuwe toewyding aan die Here.

FASE 4

Emosies wat tipies is van hierdie tyd en wat lank deel kan wees van jou lewe, is eensaamheid, verlatenheid en neerslagtigheid. Mense wat naby aan jou is, sal dalk nie hierdie uiterste eensaamheid en verlange verstaan nie. Jy sal met die genade van die Here en langs die weg van geestelike groei deur die Heilige Gees moet leer om vrede te maak met dié emosies. Die lewe gaan voort en kan weer sinvol wees. Met die genade van Bo sal jy elke dag besig moet bly en jou tyd vul met sinvolle aktiwiteite. So sal jy weer leer om nuwe betekenis in die lewe en nuwe belangstellings te ontwikkel.

Moet egter nie haastig wees nie. Hierdie dinge neem tyd. Wees ook versigtig om verkeerde gewoontes aan te leer of om te volhard met ou verslawings, soos rook, drank en gewoonte-vormende pille. Moet ook nie té afhanklik raak van 'n vriend, familielid of professionele persoon nie. Speen jouself gaandeweg emosioneel en bly staande met die hulp van die Here.

Onthou dat daar van tyd tot tyd insinkings sal kom. Iets kleins wat gebeur, kan veroorsaak dat 'n emosionele dam bars. Jy sal moet groei - al is dit stadig - uit jou ellende, droefheid, eensaamheid en smart. Groei terselfdertyd nader aan die Here. Hy sal jou troos en berusting skenk. Jy moet die pad van treur en rousmart enduit loop. Eers daarná kan die genesing begin.

FASE 5

Die laaste fase van die rouproses is aanvaarding. Die meeste gehuil, rou en stukkende gevoelens is nou iets van die verlede. Die ergste is verby. Jy kan nou meestal jou emosies beheer.
Jy mis steeds die oorledene. Jy treur in stilte en verlang baie, maar daar het 'n kalmte, vrede, berusting en tevredenheid oor jou gekom. Jy sal die ervaring van die dood nooit vergeet nie en nooit weer presies dieselfde mens wees nie, maar jy het vrede gemaak met die dood van jou geliefde. Met God se hulp het jy die nuwe realiteit aanvaar.

Alles in jou lewe is egter nou anders en moet anders benader word. Jy weet daar sal af-dae wees, maar jy toon weer belangstelling in die lewe en alles rondom jou. Jy pak nuwe dinge en selfs ou, bekende dinge met nuwe moed aan. Jou entoesiasme kom geleidelik terug. Jy sluit by klubs aan, begin 'n nuwe sport of stokperdjie. In Jesus Christus is jy meer as 'n oorwinnaar.

Dit is noodsaaklik dat jy moet treur ná die dood van jou geliefde. Die trane wat nie oor jou wange loop nie, spoel slote deur jou hart. Dit is onontbeerlik vir jou toekoms.
Belangriker is egter dat jy in hierdie tyd vir Jesus Christus ken en aan Hom behoort. As jy in geloof aan Hom vasgebind en in Hom geanker is, sal jy dié storm in jou lewe soveel beter en meer sinvol kan hanteer. Dit is 'n tyd waarin jy geestelik kan verdiep en nader aan die Here kan groei. Jy kan vorder op die pad van geestelike volwassenheid. So sal jy die plan van die Here met elke mens kan aanvaar as die beste. Ook sy plan met hierdie hartseer in jou lewe.

Keer terug na 'n betekenisvolle lewe.

- Hou jouself besig. Vertroos, besoek en bemoedig ander mense. Wees diensbaar. Reik uit na ander mense. Ná jou beproewing is jy soveel beter toegerus om ander te help. Staan hulle by in die Naam van die Here. Besoek eensames, bejaardes, bedroefdes, siekes en armes. Deur jou diens aan hulle, sal jy self ook groei en sterker word.
- Neem deel aan georganiseerde sport of sluit aan by 'n stapgroep of leeskring.
- Moenie jou drie gereelde maaltye per dag oorslaan nie. Moet jou egter ook nie oorgee aan kos nie. Sorg dat jou gesondheid so goed moontlik bly.
- Moenie na valse krukke in die lewe soek nie. Wees baie versigtig vir gewoontevormende middels wat jou net 'n halwe mens gaan maak. Vind by jou dokter uit of die middel wat jy gebruik het om deur jou krisis te kom, gewoontevormend is. Breek met gewoontevormende middels of vra ligter medikasie. Soek jou krag in die Here en die mense rondom jou.
- Vertroetel jou familie en vriende. Gee nuwe betekenis aan jou vriendskap met jou bure. Sluit aan by 'n klub waar jy jou belangstellings kan uitleef.
- Soek die Here. Praat gedurig met Hom - oral en enige tyd. Gaan erediens toe. Gaan na Bybelstudiegeleenthede, selgroepe en gebedsgeleenthede.
  So sal jy jou geestelike lewe verdiep en sal jy al hoe meer na ander kan uitreik en diensbaar wees, sodat jy ook heel kan word ná jou groot verlies.

Help ander wat treur

Aan die einde van jou treurproses is jy, met alles wat jy deurgemaak het, baie goed toegerus om ander wat deur dieselfde proses gaan, te help en by te staan. Die Here kan en wil jou op hierdie wyse gebruik. Deur jou kan Hy mense bystaan in hul nood en krisisse. Jy kan die Here se hart en hande wees om aan bedroefdes hulp te verleen. Jy kan sy voete wees wat bereid is om na hulle te loop, hulle te help en dinge vir hulle te reël. Jy kan die Here se oë wees wat hulle nood raaksien en sy ore om na hulle angs en smart te luister.

Jy hoef nie antwoorde te hê nie – niemand van ons het antwoorde nie. Jy weet ook nie hoe die persoon wat treur voel nie. Al is jy deur dieselfde ervaring, verskil mense van mekaar.

Daar is hoofsaaklik vyf maniere waarop jy ander mense wat treur, kan onderskraag:

- Luister na die bedroefte
- Laat treurendes toe om te voel soos wat hulle voel
- Help met alledaagse reëlings
- Leer van bedroeftes
- Bid vir hulle